



STEGGIES KLEUTERSKOOL

Devonvallei

WAT OM TE PAK?

Sien onder 'n lys van alles om in te pak. Merk asb alle items duidelik.

- Alle nuwe leerlinge wat by die skool slaap moet 'n **matras** by die skool bestel of 'n stackable bed kry soos te koop by Mambo's.

SPESIALE ITEMS OP DIE EERSTE DAG:

- 'n Klein **kussing** en **beddegoed** – indien u kind VOLDAG bly (dun vir die somer en warmer vir die winter)
- 'n **Waslap**

ALMAL MOET OOK ASB EENMALIG VOOR EINDE FEBRUARIE DIE VOLGENDE BRING:

KRUIPERS EN SONNEBLOMME:

- 4 x 200 **Tissues**
- 2 pakkies **Wipes** vir klasgebruik (pak steeds vir boude skoonmaak daaglik. Die is vir gesiggies buite afvee en algemene gebruik.)

RES VAN DIE KLASSE:

- 12 x 1 ply **toiletrolle**
- 1 x **handwas** seep refil sakkie (bv dettol)
- 2 x pakkie **Baby wipes**

PAK ASB ELKE DAG: (MERK ASB ALLES DEEGLIK!)

- Ons gee 'n voldoende ontbyt, "snack" en middagete. U is egter welkom om steeds 'n kosblik/spesiale items – soos drinking yoghurt of neute of lekker "left-overs" in te pak indien u verkies. (Nie te veel lekkers nie asb ;) Veral kinders met allergieë baat by 'n verpersoonlikte kosblik.
- 'n Waterbottel
- 'n Addisionele stel klere (onderklere ingesluit). 'n Warmding en sokkies word ook aanbeveel. Sit dit in n sakkie dan kan ons nat/ vuil klere daarin pak as ons uitrustings ruil.
- Doeke, salf en veegdoekies en doeke-sakkies (nappybag) vir elke dag indien nodig (alternatiewelik, 'n voorraad daarvan wat ons stoor en gebruik solank dit beskikbaar is. U moet opvolg om beskikbaarheid te bevestig.)
- Sonskerm, hoede, handdoek en swemklere gedurende die somer.
- Indien u kind steeds uit bottels drink, voorsien asb alle benodigdhede en tref die nodige reëlings met die betrokke onderwyser en assistent.
- U boekie wat u kind kry kan u gebruik om ook te kommunikeer met u betrokke personeellid. Kyk asb gereeld of daar enige notas van die skool in die boekies is.